# Welkom by
# NG The Reeds

## Veilige hawe vir
## nuwe hoop

**As jy dít sien, sal jou lewe nooit weer dieselfde wees nie**

# Votum



# Seëngroet





# Lied 475: 1

Allerhoogste Hemelvader,

lofgesange prys u Naam.

In ons kerke, in ons huise

loof ons, dank ons U tesaam.

Hoor die loflied, vreugde-sange,

neem dit aan in Jesus Naam.

# L 475:2

Werk in u gemeente, Here

Vader, Seun en Heil'ge Gees

reinig ons deur u genade,

laat ons offers heilig wees;

U is heilig, maak óns heilig

deur die werking van u Gees.

# Efesiërs 1:3-23







# Vasgemaak aan Christus

# FLAM 182

1. Herder Heer, na wie ek soek,
ek wil luister as U roep

Want ek swig, ek val en gly

as u stem verdof in my

Voor U, Heer, kom word ek stil

Buig my hart en buig my wil

**Refrein:**

**Daar is waters in woestyne by die**

**Herder se fonteine**

**As die storms woed in my**

**sal ek daar my rus kom kry**

2. Wys U my hoe ek moet leef

Leer U my om U te ken

Ek alleen verbrou en dwaal

U alleen kan my kom haal

Op U weg kan U my hou

al is dit steil, al is dit nou

**Refrein:**

**Daar is waters in woestyne by die**

**Herder se fonteine**

**As die storms woed in my**

**sal ek daar my rus kom kry**

# Efesiërs 1:3-23



3. **Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.** 4. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons **in Christus uitverkies** om heilig en onberispelik voor Hom te wees. 5. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem **om deur Jesus Christus sy kinders te wees.** 6. **Daarom moet ons God prys** vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. 7. Deur die bloed van sy Seun is ons **verlos** en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God 8. wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. 9. Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak 10. en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het.

Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus. 11. Deur Christus het ons **deel geword van die volk van God** soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit. 12. **Daarom moet ons,** die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van **God prys**. 13. Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle **as die eiendom van God beseël.** 14. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. **Daarom moet ons sy grootheid prys.**

15. Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges, 16. hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink, 17. **bid ek** dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle **wysheid** gee en Hom so aan julle openbaar **dat julle Hom werklik kan ken**. 18. Ek bid dat Hy julle **geestesoë** so **verhelder** dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, 19. en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag 20. wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: 21. hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar

ook in die bedeling wat kom. 22. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en **Hom aangestel as hoof van die kerk**. 23. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

# Grootste behoefte in mense se lewens in die wêreld vandag?

**To discover the true identity of God**

Grootste behoefte in die lewe van kerkmense vandag?

To discover the true identity of God

# Bemoedig, perspektief gee en motiveer

Paulus skryf **uit die tronk** vir ‘n **klein gemeentetjie**
in klein-Asië



# *"Julle dink bietjie klein oor julleself en julle roeping"*

Paulus herinner hulle wie God hulle gemaak het

Nie dat hulle grootkop kry, maar anders leef



# 1:3a - Prys die Here!

# 1: 3b-14 - Hoekom moet God geprys word?

Oorhoofse rede (3b): Hy het **ons** in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

Vyf redes uiteengesit (4-14):

- Twee redes: **Ons** verkiesing en kindskap (4-6)
  Daarom moet **ons** God prys… (6)
- Twee redes: **Ons** redding en draers van sy geheimenis
  Daarom moet **ons** God prys… (12)
- Een rede: Julle/**ons** as sy eiendom deur HG beseël
  Daarom moet **ons** sy grootheid prys. (14),



*"Hy het ons in Christus geseën …"*

God se bedoeling kom bekend maak, kom wys hoe dit lyk en **hoe ons daarvan deelgemaak is**!



*"Hy het ons in Christus geseën …"*

Gekies, kindskap losgekoop, sy eiendom & erfgename gemaak (3-14)



*“Hy het ons in Christus geseën …”*

**Vraag is:**

Hoekom leef ons asof hierdie dinge geen impak op ons lewe meer het nie?



# Daarom bid Paulus vir sy lesers (15-23)

---

Hoekom ag Paulus dit nodig om te bid?



**Hy bid nie vir iets nuuts nie, maar vir verstaan wat hulle het (wie hulle is), groter insig**

Nuwe identiteit:

- Gegewe feit (geskenk)
- Onvoltooide taak



# Bid vir:

**Hy bid nie vir 3 goed nie maar 1:**

Dat God deur die wysheid van sy openbaring die oog van hulle harte sal oopmaak.

**Bid vir:** Geestesoë wat moet oopgaan:

- Hoop wat sy roeping inhou;

Helende karakter van Koninkryk

- Hier wil die Here my nou help
- Hier wil die Here my leer vertrou
- Hier wil die Here die situasie gebruik om my te leer om soos Jesus op te tree.

**Bid vir:** Geestesoë wat moet oopgaan:

- Hoop wat sy roeping inhou;
- Besef van rykdom in die heerlike erfenis;

Helende karakter van Koninkryk

Sien wat gewone oog nie kan sien –

- sien hoe dinge kan lyk - bedoeling
- deurbreek van koninkryk
- heerlikheid wat ons deel word

**Bid vir:** Geestesoë wat moet oopgaan:

- Hoop wat sy roeping inhou;
- Besef van rykdom in die heerlike erfenis;
- Die krag wat God deur "*ons wat glo*" uitoefen.

Helende karakter van Koninkryk

Sien wat gewone oog nie kan sien – deurbreek van koninkryk

in en deur "ons wat glo" – die transformasie, nuwe lewe, heling van stukkend

- Uithou, aanhou volhou


As jy so kyk (dít sien),
sal jou lewe nooit
weer dieselfde wees nie

# Gebed



# Dankoffers



# VONKK 328:1

Alles, alles is genade,
onverdiende guns alleen.
God kom red ons van die sonde
deur die liefde van sy Seun.
In sy raadsplan lank tevore
is ons uitverkies in Hom.
Deur geloof in Jesus Christus
is ons nou sy eiendom.

VONKK 328:3

**Hierdie redding is ’n gawe**
**waarop niemand sou kon roem.**
**Bedelaars en sondeslawe**
**kan hulself u kinders noem.**
**Ek wil met my hele wese**
**nou my lewe aan U wy.**
**Alles, alles is genade,**
**onverdiende guns aan my.**

# Seën

